## REDAKSIONEEL

# DIE BEGRIP „WAARHEIDSMOMENT . . ." GAAN DIT OP?

## Waarheidsmoment as werkhipotese

Almal van ons wat in die calvinistiese wysbegeerte geskool is, het die begrip „waarheidsmoment" leer ken. Baie eenvoudig gesê beteken dit dat daar in ander filosofiese strukture of lewensbeskouinge ook positiewe elemente voorkom. Die begrip „waarheidsmoment" maak dit moontlik om positief te kan waardeer wat by „ander" voorkom voordat negatief aangedui word waarin die „ander opvatting" die waarheid nie het nie.

'n Mens kan met die werkhipotese in die hand byvoorbeeld na die ewolusionistiese biologie gaan en sê dat hulle die „waarheidsmoment" van ontwikkeling beet het, maar dit verkeerdelik van binne die geslagte ook vertikaal laat opereer om sodoende tot 'n ewolusionistiese verklaring van die oorsprong van die lewe te kom.

Onlangs het die werkhipotese ook die oog gevang in die polemiek oor „Godspell". *Die Transvaler* het probeer om die „waarheidsmoment" in die omstrede aanbieding raak te sien. Gevolglik waardeer die blad dat die *menslike* van Jesus as waarheidsmoment na vore gebring word — al is dit dan in 'n moderne idioom van popmusiek ens. Weliswaar kom die goddelike nie tot sy reg nie — maar die positiewe is dan tog hierdie „waarheidsmoment".

Baie resent het die probleem hom ook al weer voorgedoen rondom „Kennis van die Aand" van Brink. Die oordele oor die boek loop uiteen en vanuit gereformeerde kringe is ook die „positiewe" in die omstrede werk gesoek. Dit kom m.i. weer neer op toepassing van die werkhipotese waardeur „waarheidsmomente" by „ander", selfs die verste van eie werf, gevind word.

Die toepassing van die werkhipotese op die gevoelige terreine waarop „Godspell" en „Kennis van die Aand" ons bring, het die verwyt na vore gebring: die gereformeerdes relativeer deesdae die norme. Hulle stem word dof en onduidelik — of anders gesê: hulle taal dien nie meer die koningskap van God in die wêreld van vandag nie.

Onwillekeurig vra 'n mens jouself af of die „werkhipotese" met waarheidsmomente waarmee ook aan die V.U. gewerk is, nie bygedra het tot die waardering van die hipoteses van die natuurwetenskap nie sodat Kuitert en andere in die dilemma van „geloof" *en* „wetenskap" en uiteindelik van *net* wetenskap beland het nie.

Kortom, lei die hipotese van waarheidsmomente nie tot relativering van die eie struktuur en sodoende tot sekularisasie van die geloof nie ?

## Hoe sien ons die „waarheid"?

Wysbegeerte behoort nie tot my besondere studieveld nie. Tog wil

ek in alle beskeidenheid 'n paar miskien baie naïewe opmerkings maak.

Is die waarheid soos 'n mosaïek buite die mens sodat dit moontlik is dat elke wetenskaplike of wetenskapstruktuur oor blokke waarheid sy tent kan opslaan en gevolglik meer as een struktuur dieselfde waarheidsblokkie of „moment" beet kan hê? M.a.w. is „ontwikkeling" een blokkie in die waarheidsmosaïek en het die Christelike Wetenskap en die Ewolusionistiese wetenskap hierdie „moment" beet in so ver dit ontwikkeling binne die soorte betref — maar die ewolusionisme gaan fout en mis die „waarheid" wanneer hulle die ontwikkeling uit sy blokkie rek om ook ander „momente" te begryp ?

Om die probleem sterk na vore te bring, kan mens nog 'n voorbeeld gee: Met die hipotese van „waarheidsmomente" kan 'n mens opmerk dat die Christendom, Jodendom en Islam die „monoteïsme" leer. Beteken dit dat hulle dieselfde mosaïekblokkie van die waarheid beet het? Het alle mense die wiskundige blokkie van 2 + 2 = 4 beet — maar slegs die Christelike Wetenskap het die „momente" of mosaïekblokke van geloofsapriorie, openbaring, skepping, wil van God ens. beet?

Die Skrif spreek van God as die „Waarheid" — die absolute waarheid. In die opvatting hierbo kom waarheid so objektief en buite die mens te staan in 'n struktuur van een of ander wetenskap (wat dan „waarheidsmomente" het) dat dit eintlik die betekenis van *werklikheid* kry. In die gewone spraakgebruik en by die waardering van 'n standpunt of beskouing het „waarheid" egter m.i. eerder te doen met die vraag of die ken en verstaan van 'n feilbare mens met die werklikheid ooreenstem. *Ken* en *verstaan* van die sondige mens is gevolglik onderhewig aan *waarheid* en *leuen,* 'n teenstelling wat buite die menslike subjek absoluut voorkom in Christus en Satan.

Die kardinale vraag is dan: Stem die mens se verstaan en ken ooreen met die gegewe werklikheid? Wanneer die vraag gevra word, verval die moontlikheid om die waarheid as objektiewe blokkies of „moment" te sien. Die werklikheid kan baie momente hê, maar die mens se kennis of verstaan daarvan is waar of vals. So was die langgehuldigde „geloofstandpunt" dat die aarde stilstaan *vals* en die Copernicaanse wat in ban gedoen was, tog *waar*.

Die mens wat ken of verstaan, doen dit as 'n *eenheid.* Sy hele en volle menswees is daarby betrokke. Die ken en verstaan van die monoteïsme by die Mohammedaan lyk dan oppervlakkig na 'n waarheids„moment" — maar is tog in wese anders as die begrip monoteïsme by die Christen.

## Die geloof bepaal die hele mens in sy ken en verstaan

Die Skrif en art. 2 NGB leer dat die mens òf uit geloof òf uit ongeloof tot die kennis van die werklikheid kom. Die basiese verskil lê in die hart wat ken — wedergebore of nie-wedergebore nie. 'n Gelowige en ongelowige kan met dieselfde werklikheid werk en dan mag hulle ken en verstaan (hulle interpretasie) uiteen gaan.

Dit spreek vanself dat die ongelowige (nie-Skrifgelowige) ook

in baie opsigte die werklikheid kan ken soos 'n Skrifgelowige dit ken. Net so is dit moontlik dat 'n Christengelowige vanweë sy menslike beperkinge en sonde ook baie dinge kan ken soos 'n nie-Skrifgelowige dit ken, bv. die biologie, geologie — of soms die okkulte wêreld van towery ens. Daar kan dan moeilik meer as een „wetenskap" waaraan baie mense bou, wees.

Dit is derhalwe 'n ope vraag of ons die wetenskap so kan struktureer en objektiveer dat ons van 'n struktuur van Christelike wetenskap praat wat baie (of al die) waarheidsmomente of die waarheid beet het — en ander objektiewe strukture van „ewolusionistiese", „fenomenologiese", „idealistiese", „scientistiese" (of watter naam ook al) wetenskappe wat slegs „waarheidsmomente" inhou.

Kan 'n struktuur van Christelike wetenskap objektief naas 'n ander wetenskapstruktuur bestaan sodat hulle sekere waarheidsmomente gemeen het — en ander weer mis? Werk alle wetenskaplikes (as mense) nie om die werklikheid te verstaan nie? Stem die Christen en ewolusionistiese bioloog nie daarom oor 1 000 feite ooreen nie en kan hulle van mekaar oorneem en leer — maar in hulle finale interpretasie of verstaan, staan hulle vierkantig teenoor mekaar nie?

Die begrip „waarheidsmoment" deug dan ook nie — omdat ook die werklikheid één is — en deur één mens verstaan word soos dit is of nie verstaan word nie.

## Die hipotese van „waarheidsmomente" lei tot relativisme en eklektisisme

Hoewel 'n mens die „oopheid" van die calvinistiese filosofie waardeer om in ander „stelsels" of „beskouinge" sekere „waarheidsmomente" te gaan soek en positief te waardeer — verlei die idee van wetenskapstrukture wat soos stoorkamers langs mekaar staan tot relativisme. Op sterkte van ooreenstemming in die ken en verstaan van die werklikheid (waarheidsmomente) word 'n oordeel oor die bepaalde struktuur gegee — Jy kan immers die Islam dan nie veroordeel nie, omdat hy ook 'n paar „waarheidsmomente" beet het — en jy kan daardie sekte of standpunt nie veroordeel nie, omdat hy tog ook in baie opsigte dieselfde waarheid bely. Almal het minder of meer van die waarheid beet.

Dit kan jou verder daartoe bring om mosaïekblokkies (waarheidsmomente) te gaan soek by ander strukture en standpunte. Wanneer dit met jou subjektiewe ken (verstaan) ooreen kom, stempel jy dit met die erenaam „waarheidsmoment". Ons pretendeer dat ons 'n eie struktuur van Christelike wetenskap bou — maar in werklikheid bou ons ook maar net op en voort in die een groot menslike poging om die werklikheid te ken en te verstaan.

Die valse probleemstelling dat jy „waarheidsmomente" van *ander* ook in *Christelike wetenskap* kan gebruik, lei tot *eklektisisme,* 'n noodwendige konsekwensie van relatiwisme. Indien jy egter aanvaar dat jy as mens saam met ander mense besig is in die groot opgawe om te ken en te verstaan — verval die behoefte aan 'n eie struktuur

en daarmee die kriterium van „waarheidsmomente" t.o.v. *ander*.

Nietemin is elke mens wat besig is met die groot werk om te ken en te verstaan ook daarin as hele mens besig — en derhalwe as Christengelowige of as nie-Christusgelowige. In hulle ken en verstaan kan daar groot verskil wees — behoort dit selfs te wees — maar sal dit nie noodwendig daar wees nie omdat ook die Christen-wetenskaplike beperk is. Gedurende die Middeleeue het Christen-wetenskap heerlik met Griekse filosofie gewerk. Die verskil raak dan die individuele mens wat ken en verstaan.

Die objektiewe struktuur van kennis buite die mens onder die naam „Christelike Wetenskap" bied geen waarborg t.o.v. die waarheid nie.

## Die hipotese van die waarheidsmomente lê lam

Wanneer ek uitgaan van kennisstrukture soos *„myne"* en *„julle"* s'n, met die moontlikheid dat die *ander ook die waarheid* of *momente* daarvan beet het, verval eintlik die roeping om na binne en buite te werk met die oog op die volle waarheid. Wanneer 'n mens van die idee uitgaan dat *ons* en *hulle* waarheidsmomente het, vra 'n mens gou na die kwantiteit — m.a.w. het *ons genoeg* waarheid? Op hierdie wyse groei die gearriveerdheid binne die *ons*-struktuur en verdwyn die appèl om te werk om meer waarheid. Waarom sal ons, ons het dit immers.

## Die hipotese van „waarheidsmomente" bewys hom onvrugbaar

In die inleiding het ons daarop gewys dat die film „Godspell" met die hipotese van „waarheidsmomente" waardeer kon word omdat dit die *menslike* van Jesus na vore bring. Hy was immers ook waaragtig *mens*. Maar juis daar lê die knoop. Jesus het nie uit „momente" van menswees en Godwees bestaan nie — Hy was *God en mens*. Die oomblik wat een „moment" naamlik die menslike beklemtoon word ten koste van die Godheid, is die beeld nie meer van Jesus nie, maar 'n uitbeelding van *menslike*. Dan is die beeld vals. Jesus is immers nie identities met menslike nie.

*Res News Exchange* van 6.11.73 haal dan ook ds. J. Overduin aan wat Openb. 22 : 11 op „Godspell" van Jens Thorsen toepas. Die film oortuig hom dat God Wes-Europa aan sy eie vuil oorgee. Hy bewys sy standpunt met verwysing na Thorsen se eie uitlating dat hy 'n ander opinie oor Jesus het en Hom doelbewus wil afbring aarde toe. Daarom wou hy Hom teken as die een wat mense liefhet, maar tegelyk ook die mense gebruik en eksploiteer. Thorsen regverdig hierdie interpretasie met verwysing na die groot „harem" wat Jesus met nonne in die kloosters gehou het en elke sielkundige sou weet dat so 'n non 'n „verhouding" met Jesus het. Jesus is vir Thorsen die grootste „sekssimbool" van alle tye . . .

In so 'n tekening kan geen waarheid omtrent Jesus wees nie — al sou dit die waarheid van die *menslike* in die twintigste eeu teken. Die leuen in hierdie „menslike" tekening van Jesus benadruk juis die waarheid dat net die *Seun van God* ons kan red en herstel tot die volle waarheid van *menswees*. B.S.